INLIGTING AAN OUTEURS

1. *Acta Structilia Joernaal* publiseer artikels in Afrikaans en Engels. Die verlangde lengte vir 'n artikel is tussen 4 000 en 12 000 woorde.
2. 'n Voornemende outeur moet twee (2) uitdrukke van 'n artikel (oorspronklike word deur die outeur bewaar) saam met die teks op 'n rekenaardisket (MS Word aanpasbaar) voorlê, EN ook die artikel per e-pos stuur (sien e-pos adres by punt 23.).
3. Enige toepaslike artikel, in 'n verstaanbare skryfstyl, duidelik uiteengesit en reeds taalversorg, word verwelkom. Diagramme, sketse en foto's (jpeg of tif-formaat teen 300dpi) mag ingesluit word.
4. Die redakteur behou hom die reg voor om veranderinge, indien nodig, wat betref styl en aanbieding aan te bring. Sou aansienlike wysigings deur referente voorgestel word, sal 'n artikel na die outeur terugverwys word.
5. Kopiereg word aan *Acta Structilia Joernaal* by aanvaarding van die artikel oorgedra.
6. Teksgedeeltes van artikels moet in Microsoft Word, Ariel skrif, font grootte 12, enkel spasiëring gedoen word.
7. Die titel van die artikel moet kort en bondig wees en in beide Afrikaans en Engels aangebied word.
8. 'n Kort opsomming in Afrikaans en Engels moet aan die begin van die artikel aangebring word.
9. Toepaslike sleutelwoorde in Afrikaans en Engels moet onder die opsomming aangebring word.
10. Opskrifte en onderskrifte word in Arabiese syfers genommer, geskei deur 'n punt en hoogstens tot drie vlakke, waarna 'n letter in hakies gebruik word, bv. 1. en 1.1 gevolg deur 1.1.1 en daarna a) ens.
11. Bronverwysings in die teks geskied volgens die Harvardstyl van verwysing: (Outeur, datum: bladsynommer[s]): bv. (Schleien, 2004: 20-23).
12. Net egte voet- en eindnote met die tersaaklike inligting moet gebruik word. Die Harvardstyl van verwysing is hier van toepassing.
13. Die bibliografie volgens die Harvardstyl van verwysing moet volledig in alfabetiese volgorde aangebied word. Bv. Sun, M. & Howard, R. 2004. *Understanding I.T. in construction.* London: Spon Press.
14. 'n Kopie van alle internet dokumente wat in die teks verwys en gelys is in die bibliografie, moet die artikel vergesel.
15. Aanhalings word nie kursief gedruk nie, en word in dubbelaanhalingstekens aangedui. Invoegings binne aanhalings word in blokhakies aangedui. Aanhalings wat langer as drie reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie.
16. Slegs standaard-afkortings word aanbeveel. Afkortings vir instellings kan gebruik word nadat dit vir die eerste keer volledig uitgeskryf is, met die afkorting daarna in hakies, vir terugverwysing.
17. Kursief moet nie oormatig gebruik word nie, indien wel, slegs vir konvensionele Latynse uitdrukkings bv. *per se* en vir woorde in ander tale.
18. Beklemtonings kry enkelaanhalingstekens.
19. Besonderhede van die oorsprong van 'n artikel moet aangedui word, soos in die geval van 'n kongresreferaat. Artikels word net vir keuring oorweeg indien vergesel van 'n verklaring dat dit nie elders vir publikasie voorgelê is, of reeds gepubliseer is nie.
20. Artikels word anoniem gerefereer. Die outeur(s) kan die name en adresse van tot drie vakkundiges (nie aan outeur[s] se eie instansie van werk verbonde nie) voorstel wat as referente sou kon optree.
21. Die outeur(s) van artikels wat geplaas word, sal elk twee komplimentêre kopieë van die betrokke uitgawe van *Acta Structilia Joernaal* ontvang.
22. 'n Artikel moet vergesel word van die volledige titel, kwalifikasie en affiliasie, adres, telefoon- en faksimiliee-nommers en indien moontlik 'n e-posadres van die betrokke outeur(s).
23. Neem kennis dat 'n publikasieheffing van R30 per bladsy op die artikels wat gepubliseer word, betaalbaar is. 'n Faktuur sal aan die hoofouteur gestuur word.
24. Rig u bydrae(s) aan:
    Die Redakteur: *Acta Structilia Joernaal*
    Interne Posbus 47
    Universiteit van die Vrystaat
    Posbus 339
    Bloemfontein, 9300
    Suid-Afrika

    E-pos adres: beukesa.sci@ufs.ac.za